KAIROS NETWERK
info@kairosnetwerk.net
kairosnetwerk.net

PERSVERKLARING - 22 Maart 2022

DIE BESLUITE DEUR DIE SINODE VAN NAMIBIË

Kairos Netwerk (KN) beskou die besluite wat tydens die afgelope sitting van die Streek-sinode van Namibië geneem is as besluite wat baie ernstige gevolge kan inhou, in ag genome dat dit slegs die Streek-sinode van Namibië is wat hierdie besluite kan wysig.

Die persverklaring wat die Sinode van Namibië op 19 Maart uitgereik het, fokus op 3 punte:

1. Die Algemene Sinode (AS) wat nie NG-kerk dien met behoorlike kerklike leierskap nie;
2. Die on-Bybelse besluite oor selfdegeslagverhoudings; en
3. die swak hantering van teologiese opleiding by Universiteite.

Neem kennis dat bogenoemde 3 punte reeds tydens ‘n vergadering tussen KN en verteenwoordigers van die AS bespreek is, in Februarie 2021. Dit is weer in Oktober 2021 op skrif aan die ASM en verskeie Streeksinodes gestuur is, oa na die Hoeveld Sinode. Die AS het destyds KN se besorgdheid hieroor geïgnoreer en daarom is KN nie verbaas dat hulle nou die vrugte van hul apatiese houding pluk nie.

Natuurlik vind KN nie vreugde in hierdie verwikkelinge nie, want die NG-kerk speel 'n groot rol in baie Suid-Afrikaners se lewens. Dit is juis waarom KN doelbewus gekies om die pad van skeuring te vermy en eerder Reformasie van binne die kerk te bepleit. Dit word egter bemoeilik deur kwaadwillige pogings van die wat daarteen gekant is om met God se Woord as riglyn, en nie die behoeftes van mense nie, introspeksie te doen.

As gevolg van hierdie teenkanting, tesame met die feit dat die AS se bestuur gemeentes en gemeentelede se beswaarskrifte onder die mat invee, word KN met geen keuse gelaat as om na ander moontlikhede te kyk nie. Soos:

1. Die stigting van 'n “familie” van besorgde NG gemeentes wat in die tweede helfte van 2022 ‘n aanvang sal neem;
2. Om op grond van versoeke deur predikante van daardie sinode, die Sinode van Namibië by te staan met raad en daad tydens die implementering van Artikel 37;
3. Om met besorgde groepe en gemeentes van ander denominasies vanuit die Gereformeerde familie in gesprek te tree oor moontlike samewerking. Hierdie gesprekke is nie net beperk tot denominasies in Suid-Afrika nie. KN is in gesprek met die Alliansie van Gereformeerde Kerke in Amerika wat deur 'n soortgelyke krises gegaan het en wat daartoe gelei het hulle en die Reformed Church in America se paaie geskei het.

KN sal voortgaan om met Streeksinodes en die Algemene Sinode se bestuur of verteenwoordigers oor hierdie belangrike sake te skakel alhoewel daar geen besluite deur hulle geneem kan word nie. Daarvoor word ‘n spesiale AS vergadering vereis.

KN het reeds ‘n geruime tyd gelede skriftelik aangevra vir so ‘n spesiale AS vergadering maar dit was geweier met die verskoning dat daar nie geld vir so 'n vergadering is nie, terwyl dit algemeen bekend is dat die NG-kerk meer as R100 miljoen beskikbaar het.

TER AFSLUITING:

Dit is baie duidelik dat daar ‘n groeiende ontevredenheid ontstaan oor die huidige leierskap van die NG-kerk.

Die Kerkgeskiedenis sal uiteindelik die beoordelaar wees oor hierdie termyn se leierskap aangesien daar nog nooit in die geskiedenis van die NG-kerk so ‘n graad van ontevredenheid was dat meer as 90 gemeentes, en nou 'n streeksinode ook, dit ernstig te oorweeg om uit te tree uit die verband van die AS.

KN bly egter bid vir die die NG-kerk en haar leierskap. Dat God ons genadig sal wees, dat die leierskap hulself sal verootmoedig en tot die besef sal kom dat hul besluite onskriftuurlik is.



Anton Knoetze
Namens Kairos Netwerk bestuur